HOOFSTUK 4

# Hersiening

**1** Pineapple Café word besit deur twee vennote, P Pine en A Apple.

## Inligting

**ALGEMENE GROOTBOEK PINEAPPLE CAFÉ**

Dt. PRIVAATREKENING: P PINE Kt.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 20.9 | | | | | 20.8 | | | | |
| Jun | 30 | Onttrekkings: P Pine | AJ | C | Jul | 1 | Saldo | a/b | 15 000 |
| | | Saldo | o/b | 35 000 | 20.9 | | | | |
| | | | | | Jun | 30 | Salaris: P Pine | AJ | A |
| | | | | | | | Rente op kapitaal | AJ | 18 000 |
| | | | | | | | Verdelingsrekening | AJ | B |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | 20.9 | | | | |
| | | | | | Jul | 1 | Saldo | a/b | 35 000 |

PRIVAATREKENING: A APPLE

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 20.9 | | | | | 20.8 | | | | |
| Jun | 30 | Onttrekkings: A Apple | AJ | 20 300 | Jul 1 | | Saldo | a/b | 15 000 |
| | | Saldo | o/b | 45 000 | 20.9 | | | | |
| | | | | | Jun | 30 | Salaris: A Apple | AJ | D |
| | | | | | | | Rente op kapitaal | AJ | E |
| | | | | | | | Verdelingsrekening | AJ | 17 300 |
| | | | | 65 300 | | | | | 65 300 |
| | | | | | 20.9 | | | | |
| | | | | | Jul | 1 | Saldo | a/b | 45 000 |

VERDELINGSREKENING

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 20.9 | | | | | 20.8 | | | | |
| Jun | 30 | Salaris: P Pine | AJ | A | Jun | 30 | Wins-en-verlies | AJ | F |
| | | Salaris: A Apple | AJ | D | | | | | |
| | | Rente op kapitaal | AJ | 30 000 | | | | | |
| | | Privaatrekening: P Pine | AJ | B | | | | | |
| | | Privaatrekening: A Apple | AJ | 17 300 | | | | | |
| | | | | | | | | | |

## Additional Inligting

1 Winste en verliese word verdeel in die verhouding: Pine : Apple = 3 : 2

2 Die totale bedrag verdien deur Pine gedurende die jaar was R73 950.

3 Die saldo's op die KAPITAALREKENINGE is soos volg:

| | **Begin van jaar** | **Einde van Jaar** |
|---|---|---|
| P Pine | R160 000 | R200 000 |
| A Apple | R100 000 | R140 000 |

## Gevra

Voorsien die ontbrekende bedrae aangetoon deur die letters A tot F

2 Jy word voorsien met inligting ten opsigte van Maseb Traders. Die onderneming is 'n vennootskap besit deur M Mali en S Sebelo.

## Inligting

Bedrae onttrek vanaf die Proefbalans op 28 Februarie 20.9:

| | | R |
|---|---|---|
| Kapitaal: Mali | | 400 000 |
| Kapitaal: Sebelo | | 200 000 |
| Privaatrekening: Mali (1 Maart 20.8) Debiet | | 24 000 |
| Privaatrekening: Sebelo (1 Maart 20.8) | Krediet | 36 000 |
| Onttrekkings: Mali | | ? |
| Onttrekkings: Sebelo | | ? |
| Lening: Egoli Bank | | ? |
| Vaste bates teen drawaarde | | 1 236 800 |
| Vaste deposito: Egoli Bank | | 160 000 |
| Bank | | 60 000 |
| Kontant float | | 3 000 |
| Voorraad | | ? |
| Handels en ander debiteure | | ? |
| Krediteurekontrole | | 56 000 |
| SAID (LBS) | | 14 100 |

Inligting in verband met die vennote se verdienste en onttrekkings:

- Mali verdien 'n vennootsalaris van R15 000 per maand, terwyl Sebelo 20% meer verdien as Mali.
- Rente op kapitaal is 10% p.j. Let wel dat Mali sy kapitaal vermeerder het met R200 000 op 1 Desember 20.8.
- El van die lede verdien 15% van hul salaris as 'n vennootbonus.
- Oorblywende winste word verdeel tussen Mali en Sebelo volgens hul verhouding van hul kapitaal teen die einde van die jaar.
- Die finale verdeling van winste verdien deur Mali teen die einde van die jaar bedra R68 000.
- Mali onttrek sy volle salaris vir die jaar plus R1 500 se handelsvoorraad per maand vanaf 1 Junie 20.8.
- Sebelo behou R102 400 van sy verdienste teen die einde van die jaar. Hy onttrek die res gedurende die loop van die jaar.

## Addisionele inligting

- Die leningstaat ontvang vanaf Egoli Bank toon die volgende:
  - » Saldo aan die begin van die jaar R880 000
  - » Rente gekapitaliseer R103 600 vir die jaar.
  - » Maandelikse betalings aan City Bank R 15 800 per maand.
  - » Saldo teen die einde van die jaar?

  In terme van die leningsooreenkoms, word vaste maandelikse terugbetalings van kapitaal plus rente betaal totdat die lening afgelos is.
  - » Daar is twee vaste deposito's by Egoli Bank:
  - » R60 000 bereik volwassenheid 31 Mei 20.9.
  - » R100 000 bereik volwassenheid 30 Junie 20.12
- Op 28 Februarie 20.9, was die bedryfsbates twee keer soveel as die bedryfslaste.
- Die handelsvoorraadrekening toon 'n saldo van R290 000 teen die einde van Januarie 20.9. Die transaksie vir handelsvoorraad vir Februarie 20.9 is soos volg:
  - » R35 000 handelsvoorraad was aangekoop op krediet
  - » R25 000 vir kontant
  - » R2 500 teruggestuur aan krediteure
  - » R1 500 geneem deur vennoot Mali vir persoonlike gebruik
  - » Verkope vir die maand bedra R400 000.
  - » Goedere is verkoop teen 'n winsmarge van 25% op kosprys.

## Gevra

1 Voltooi die Nota tot die Balansstaat vir die PRIVAATREKENINGE op 28 Februarie 20.9.

2 Berei die Balansstaat op 28 Februarie 20.9 voor. Waar notas nie gevra is nie moet jy jou berekenings in hakies toon op die gesig van die Balansstaat.